### *Seëning van Giwar*

**85** Na `n uur kom Giwar weer na My toe terug en wou aan My alles vertel wat daar in die sinagoge met die nuwe owerste bespreek is.

[2] Maar **Ek** sê: "Vriend, bespaar jou die moeite, want jy weet dat niks vir My verborge kan bly nie. Ek wil jou egter wel sê dat jy en Roban julle sake baie goed afgehandel het, want die owerste sou andersins nog heelwat oorhoops gewees het. Maar hy is nou daarvan oortuig dat dit sinneloos sou wees om iets teen die Romeine te onderneem en dus sal hy in elk geval vir `n rukkie rustig bly. Julle mag hom egter nog lank nie heeltemal vertrou nie, julle moet steeds op julle hoede bly en hom so te sê nooit uit die oog verloor nie. Ek wil egter vir jou, omdat jy My ywerigste verdediger was en nog is, die vermoë gee om siekes deur `n korrekte gebed en deur die oplegging van hande te genees, en die vermoë om in jou hart die planne van die nuwe owerste te verneem en die juiste middele daarteenoor aan te wend - maar dit moet elke keer dadelik gebeur, want anders sal dit geen uitwerking hê nie! Die korrekte middele sal jou ook getoon word. Ontvang dan nou My seën daarvoor!"

[3] Toe val **Giwar** voor My op sy knieë neer en aanbid My vuriglik. Ek lê My regterhand op sy hart en My linkerhand op sy hoof en op daardie oomblik word dit lig in hom. En hy sê: "Meester, in my is nou geen duisternis meer nie, alles in my is lig en dit lyk vir my asof my hele liggaam nou uit `n diamant glinsterende deursigtige materie bestaan, waar die daglig ongehinderd sal kan deurdring. O Meester, laat my hierdie seën vir altyd behou, ek sal verseker weet hoe om hom te beskerm en altyd weet hoedat ek hom dankbaar in ere moet hou!"

[4] **Ek** sê: **"Bly altyd getrou in My leer, dan sal jy nooit rede het om te treur oor die verlies van die lig nie!"**

[5] Daarop staan Giwar op en merk dat daar, behalwe Borus en Jaïrus en Mirjam en My broers, geen vreemde meer aanwesig was nie, selfs die twaalf vernaamste leerlinge is nêrens te sien nie, en hy vra My wat daar gebeur het.

[6] **Ek** sê: "Alles moes so gebeur! Kyk, spoedig word dit herfs en dan kom die winter. Die oestyd is naby en Ek moet daaraan werk om arbeiders in diens te neem vir die veld en die wingerd. As in die jaar alles voorspoedig ingesamel is, is dit `n goeie rus in die winter; as die voorjaar dan kom, sal ons weer met hernude kragte volop werk kry.

[7] Ek sal vandag nog hierdie streek verlaat, want Herodes is `n sluwe jakkals en die nuwe owerste staan in sy diens, en dit moet geen rede wees om van My huis `n strydtoneel van die satan te maak nie. Ek het My leerlinge al `n paar uur gelede weggestuur. Hulle gaan met My broer Kisjonah saam en sal daar in Kis wag op die leerlinge van Johannes en aan hulle verkondig dat die Ryk van Elohim naby gekom het. Hulle sal vandag nog met die leerlinge van Johannes hierheen kom en dan saam met My hierdie plek in die aand verlaat. Waar ons sal heengaan sal jy, en nog baie meer, in julleself gewaar word.

[8] Werk dikwels tesame met Borus en Jaïrus, want dit is nou die twee waardigste manne in die hele Násaret; hulle besit My volle liefde en deur My ook die grootste barmhartigheid van Elohim! Want soos wat beide My liefhet en ken, bemin en ken nie een van My leerlinge My soos hierdie twee nie!

[9] Al My leerlinge sal op `n sekere oomblik, wat nie so lank op hom sal laat wag nie, nog genoeg aanstoot aan My neem. Maar hierdie twee sal deur niks wat daar met My sal gebeur, op `n dwaalspoor gebring word nie, want hulle ken My deur en deur. - Rig jou daarom volgens hulle, dan sal jy ook dit bereik wat hulle bereik het!"

[10] Met hierdie mededeling is Giwar heeltemal tevrede en hy vra net nog wat daar met die twee engele gebeur het, omdat hulle ook nêrens meer te sien is nie.

[11] **Ek** sê vir hom: "Kyk na bo, dan sal jy nie slegs die twee nie, maar nog tallose skares om hulle heen sien!"

[12] Giwar kyk na bo. Hy sien in die stralende lig die twee aartsengele en om hulle heen tallose ontelbare engele wat elke oomblik gereed staan om My te dien.

[13] Maar **Giwar** slaan sy oë weldra weer neer en sê: "Meester, ek is `n sondaar, en my oë kon daarom die gewyde gesig nie meer verdra nie, maar my vurigste strewe sal wees om my vir so `n skouspel waardig te maak!"

[14] **Ek** sê: "Doen alles goed en jou loon in die hemele, waarvan jy nou die rand gesien het, sal groot wees! Gaan nou egter weer na die sinagoge, want die owerste, wat hom nog etlike dae hier in Násaret sal ophou, mag jy nie mis nie, want hy beskou jou raad nou uiters belangrik."

### *Korah, die nuwe owerste, laat hom raad gee*

**86** Na hierdie woorde gaan die brawe Giwar terug en kom weldra in die sinagoge aan en sien dadelik dat die owerste hom al baie gemis het. Die owerste vra hom ook dadelik, waar en waarmee hy nou so lank besig was.

[2] En **Giwar** sê: "Meester, daar was `n persoon met `n gevaarlike siekte en ek moes hom help. En kyk, hy is genees en kan nou, omdat hy `n reisiger is, getroos sy weg voortsit!"

[3] **Die owerste** vra: "Waarheen reis hy, wanneer vertrek hy en waar het hy vandaan gekom? Kan ek hom nog sien en met hom praat?"

[4] **Giwar** sê: "Hy is `n Judeër wat uit die berge gekom het en het nou al na die dal gereis, jy kan hom nie meer sien of praat nie – tensy hy weer terugkom! Maar wanneer is dit? Dit kan nog baie lank duur!"

[5] **Die owerste** sê: "Met so `n ontwykende antwoord is ek nie tevrede nie! Waar is hy onderdak, dan gaan ek self daarheen om eers goed navraag te doen na die reisiger wat deur jou genees is en wat

na die dal vertrek het. Want so `n wonderbare genesing deur `n fariseër is `n belangrike saak en moet deur so veel as moontlik getuienisse bevestig word, omdat `n mens die ander nie kan glo nie en dus geen waarde daaraan kan heg nie!"

[6] **Giwar** sê: "As jy meer wil weet as wat ek weet, wend jou dan tot hulle wat meer weet as ek. Want ek weet dat ek jou baie nougeset vertel het. Hoe kan ek jou meer vertel as wat ek self weet? Die onderdak was buite die stad in die huis van Josef die timmerman. As jy regtig meer daarvan wil weet, gaan dan daarheen! Vergeet egter nie om jou rug met iets te beskerm nie, want aan klappe sal daar sekerlik geen gebrek wees nie! Glo jy dalk dat die mense `n besondere respek het vir mense soos wat ons is? Ek sê vir jou: Nie in die minste nie! By die geringste onbesonnenheid kan mens sy klappe uitgemeet kry, en geen Elohim weer dit dan nog vir jou af nie! Soos wat gesê is, jy hoef dit maar net één keer te probeer en dan sal jy al uit ervaring kan praat!"

[7] **Die owerste** sê: "Uit so `n selfversekerde verhaal kan ek maar al te goed uitmaak dat julle met alle inwoners van Násaret teen my saamgesweer het. Maar dit sê niks nie, want vir hierdie byl sal ons wel `n steel vind! Nou weet ek wel so min of meer waaraan ek hier blootgestel is! Ek hoop egter dat dit my in `n kort tydjie sal geluk om die komplot heeltemal te ontmasker; maar dan sal dit vir julle en die hele stad sleg lyk! - Hoe kom ek by die huis van die timmerman?"

[8] **Giwar** sê: "Kyk maar by die venster uit! Daar, ongeveer tweeduisend treë hiervandaan kan jy duidelik die woning van die timmerman sien met die pad daarheen. Gaan maar en oortuig jou van alles – moenie die slae vergeet nie!"

[9] **Die owerste** sê: "Maar julle sal my begelei en vir my optree as lyfwag!"

[10] **Almal** sê: "Sal ons so gek wees! Dit sal ons nie doen nie! Wie `n pak slae wil hê, hy moet maar self gaan!"

[11] **Die owerste** sê: "Nou dan gaan ek maar self in JaHWeH se Naam, en dan sal ons wel sien of iemand vir my, `n gesalfde van Elohim, sal aanraak, want daar staan geskryf: 'Maar aan `n gesalfde mag niemand hom vergryp nie; wee diegene, wat met sy hand aan die hoof van `n gesalfde raak!"

[12] **Giwar** sê: "Ja, ja, wat jy weet, weet ons al lankal! Maar gesalfdes soos ons, waarvan die salwing slegs maar ellendige begogeling was, is niks meer werd vir Elohim nie, en Hy sal ons pseudo-gesalfde hoofde nie beskerm as hulle heel regverdiglik aan die vuiste van ons vyande blootgestel word nie! Want soos wat ek al `n tyd gelede gesê het, weet die volk maar al te goed wat daar agter ons en agter die tempel versteek is."

[13] **Die owerste** sê: "Dis om't ewe, ek gaan daarheen! Maar wee julle almal as die saak anders is as wat jy, Giwar, vir my gesê het toe ek jou gevra het waar jy was!"

[14] **Giwar** sê: "Dit wat jy wil weet, sal jy beswaarlik te wete kom, maar wel iets anders - en dit sal jou behoorlik pyn besorg, terwyl ons heeltemal geen pyn sal voel nie!"

[15] Na hierdie woorde gaan die owerste vinnig na buite.

[16] Maar soos wat hy op straat loop, roep **die jong seuns en meisies**: "Dit is die nuwe slegte owerste wat ons almal in die verderf wil stort! Weg met hom!" - Van alle kante loop jonk en oud met knuppels en klippe na hom toe, en `n paar klippe raak hom ook al op sy liggaam en besorg hom blou kolle.

[17] Die owerste, wat maar al te gou merk dat die Násareners nie met hulle laat spot nie, keer ylings na die sinagoge terug en sluit haastig die deur agter hom toe, waarop `n hele lading klippe wat na hom toe gegooi word, ernstige indrukke agterlaat wat maar al te duidelik aantoon wat die Násareners van die nuwe owerste dink.

[18] Toe **die owerste** weer by die fariseërs kom, sê hy woedend: "Dit is julle werk, en ek sal weet om my op julle te wreek daarvoor!"

[19] **Giwar** sê toe baie geïrriteerd: "Wat sê jy nou, ellendige dwaas! Hoe kan dit ons werk wees as ons jou almal gewaarsku het om nie na buite te gaan nie? Slegs as ons jou by die volk sal aanbeveel, kan jy met die volk praat en onderhandel; solank as wat ons jou egter nie aanbeveel nie, sal jy steeds mishandel word so dikwels as wat jy dit sal waag om alleen in die stad op straat te loop! Want die volk vind jou al sleg net omdat jy jou amp gekoop het! Maar omdat jy regtig vir ons en ook die hele volk al dadelik begin tiranniseer het om orde deur `n skrikbewind te skep, haat almal jou soos die hel, en ek sê vir jou dat dit nou die beste sal wees jy hierdie loopbaan aan `n waardiger persoon kan verkoop, want vir jou toekoms gee ek geen stater (penning) om nie!

[20] Jy sal heel grondig moet verander, as jy by ons `n goeie verstandhouding wil opbou! Maar dit blyk volstrek onmoontlik vir jou te wees. Hy wat uiterlik `n vriendelike gesig voorsit, maar wat innerlik in sy hart `n verskeurende wolf is, gaan beslis nie by ons werk nie, omdat ons almal merkwaardig genoeg soveel profetiese gees besit dat ons jou presies kan sê wat jy in jou deur en deur bose hart bedink!

[21] Ja, as jy jou hart geheel en al sou omvorm en jou deur die suiwer Wysheid en Waarheid van Elohim heeltemal sou laat deurgloei, sal ons jou by die volk aanbeveel, en dan sal jy hier `n goeie bestaan kan maak. Maar jou hoëpriester, jou Pilatus en selfs jou Herodes sal jou hier van geen enkele nut wees nie!"

[22] **Die owerste** sê: "Hoe weet jy dat ek nou net aan hierdie drie helpers gedink het?"

[23] **Giwar** sê: “Omdat ek ook een is wat `n profetiese gees het, waarmee ek jou baie duidelik kan deursien, en waarvan jy jou onmoontlik voor ons kan verberg - net so min in Kapernaum as hier, en sou jy duisend dagreise hiervandaan wees, dan sal ons jou ook al op daardie afstand kan deursien! Daarom sal jy moeilik iets teen ons kan onderneem sonder dat ons vooraf al die geskikte en doeltreffende teenmaatreëls geneem het! Is jy so tevrede met ons? (word vervolg)

*(vervolg)*

### *Korah, die nuwe owerste, laat hom raad gee*

**86** (**Giwar**) [24] Weet jy, ons is nog priesters van die ou, ware stempel! Die Gees van JaHWeH is nog in ons, ook al het Hy lankal die tempel in Jerusalem geheel en al verlaat. As jy dus met ons wil saamlewe, dan moet jy ook `n ware priester wees, want as skynpriester sal jy dit nooit by ons uithou nie en sal jy beter daaraan toe wees as jy jou plek aan `n waardiger persoon kan verkoop, soos wat ek al vroeër vir jou gesê het!"

[25] **Die owerste** sê: "O julle vervloekte hoerknegte in die tempel van Jerusalem! My mooi goud en silwer was vir julle baie goed gewees - maar julle was daarop bedag dat ek `n ware bynes in plaas van `n **belangrike en winsgewende plek** daarvoor gekry het! Wag maar, spoedig sal dit duidelik word dat Korah nie verniet sy goud en silwer in julle monde gestort het nie!" - Na `n oomblik wend hy hom weer tot Giwar en vra vir hom: "Wat moet ek dan doen om julle vriendskap en die vriendskap van die volk te kry?"

[26] **Giwar** sê: "Sowel ek as Roban het dit al vir jou gesê, en hier op die tafel lê die Skrif wat aantoon dat jy presies die wil van JaHWeH moet doen. Handel daarvolgens en **nie na die verdoemende mensereëls van die tempel nie**, dan sal jy dit by ons baie aangenaam vind! Jy moet die welgevalle van Elohim nastreef, dan sal jy ook al die ander dinge vanself kry!"

[27] **Korah** sê: "Ja, dit sal ek van nou af aan doen soveel as wat dit maar moontlik is. Maar sal julle dit tog nie vervelend vind as ek op die minste vir `n jaar my staanplek hierheen na Násaret verplaas nie? Want hier by julle kan ek regtig iets leer, terwyl daar in Kapernaum - en seker ook in Gerasim, net soos in die ander kleiner stede aan die Galilese see - slegs maar ellendige hakskeenlekkers te vinde is!"

[28] **Almal** sê: "Daarmee sal jy baie goed doen, en dit sal ons almal baie genoeë verskaf om jou as ons owerste te kan dien! Want hier word geen bedrog meer gepleeg nie, geen tempelmis meer verkoop en nie meer osse, koeie, kalwers en skape in die gebedshuis afgedwing nie, maar ons klein gebedshuis is nog dit wat dit moet wees, en in die sinagoge is geen geldwisselaars meer nie!

[29] In ons klein gebedshuis brand weliswaar geen vlam bo die een of ander ark nie, maar dit brand eerder meer waaragtig en lewend in ons harte, en dit is Elohim meer welgevallig as alle ander tempel-dienste in Jerusalem, waaragter geen glimmer van waarheid meer gloei nie. Aan die tempel word vervul wat Elohim deur die mond van die profeet JeshaJaH gespreek het, toe hy sê: ***'Kyk, hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af!'*** Die bedrog van Jerusalem is tog duidelik sigbaar! Versier die priesters nie elke jaar die dikwels onegte grafte van die profete nie, terwyl hulle deur hul vaders gestenig was? En behandel hulle nou die lewendes dalk anders? O nee, hulle trap presies in die voetspore van hul voorvaders! Hulle het Sagaria tussen die offeraltaar en die allerheiligste gedood, en Herodes het Johannes se kop van sy liggaam laat afkap! Sê eers watse soort 'dienaars van Elohim' is hulle dan? Ons sê dit vir jou op die man af: Hulle is dienaars van die satan, maar in der ewigheid geen dienaars van Elohim nie! Gelukkig het ons hulle in ons mag, en dit weet hulle goed, daarom laat hulle ons mooi met rus!

[30] Wanneer hulle egter een van ons heel vriendelik uitnooi vir `n fees in Jerusalem, dan het ons hulle altyd so brutaal moontlik laat weet dat ons die uitnodiging vir geen geld ter wêreld sal aanneem nie, en liewer hier op die natuurlike dood sal wag, as om miskien eervol `n onnatuurlike dood in die tempel se geheime geleë kamers te sterf! Glo ons, so verstandig as wat die menere in die tempel is, so is ons ook, en ons voel al die vuur brand voordat hulle dit aansteek! Hou jy daarom maar aan ons vas, dan sal dit jou sekerlik aan niks ontbreek nie!"

[31] **Korah** sê: "Nou weet ek presies waar ek met julle staan, en daaroor is ek baie bly, maar die tempel sal nog bly wees oor die baie vriendelikhede wat ons haar op die regte oomblik sal bewys!"

[32] **Giwar** sê: "Weet jy, opsetlike kwaad sal ons haar ook nie aandoen nie, maar as hulle ons sou aanval, dan is dit uit! Want daarvoor skiet ons regtig nie te kort aan materiaal nie!"

[33] Na hierdie woorde van Giwar kom die kok en nooi almal uit vir die middagete.

### *Giwar oor JaHshua*

**87** Terwyl almal hulle onder allerlei geestelike gesprekke aan die middagtafel heel goed smul, kom Borus in die eetsaal in, groet almal en stel hulle sy vrou Sarah voor, en versoek hulle amptelik om haar, aangesien sy die Judese leer aanhang, as sy wettige vrou in hulle boeke in te skryf!

[2] Giwar haal dadelik die groot trouboek uit en skryf beide in as dat hulle voor Elohim en die wêreld wettige eggenote is!

[3] Maar die owerste vra aan Giwar of dit in hierdie geval wel wettig is, omdat Borus tog duidelik `n Griek is.

[4] **Giwar** sê: "Vriend, hier by ons moet dit so wees, en dit sou dwaasheid wees om `n egpaar nie te wil trou wat al vroeër deur Elohim as getroud verklaar is!"

[5] **Die owerste** sê: "Hoe weet jy dit dan?"

[6] **Giwar** sê: "Ek weet baie wat jy nou nog lank nie weet nie, so weet ek dit ook, ook al weet jy dit nou nog nie! Bekommer jou nou dus maar nie daaroor nie, want hier word alles anders behandel as in die tempel!"

[7] Die owerste glimlag en is gerusgestel.

[8] Borus haal dan `n swaar sak met goud uit sy sak en gee daarmee volgens voorskrif sy bydrae, wat ewenwel baie meer was as gebruiklik en gaan dan dadelik weer weg.

[9] Toe Borus die eetsaal verlaat het, kantel **die owerste** die sak skuins en sê: "Hier is dan meer as vyf pond goud in suiwer geslane Augustus munte - ook is daar nog `n paar Tiberiusse by! Is dit dan die gebruik hier? In die tempel sou `n pond goud al `n eregeskenk wees!"

[10] **Giwar** sê: "Sulke gawes is hier nie seldsaam nie, maar Borus, wat naas JaHshua sekerlik die grootste dokter ter wêreld is, is `n te groot man van eer en daarby te ryk dat hy hom by enige geleentheid ook gierig sou vertoon!"

[11] **Die owerste** vra verder: "Wie was dan sy ongewone mooi en minlike vroutjie?"

[12] **Giwar** sê: "Dit is die dogter van owerste Jaïrus, waarvan ek jou al vertel het dat die wonderdokter JaHshua haar tweemaal na mekaar uit die dood uit opgewek het."

[13] **Die owerste** sê: "Miskien was sy maar net diep bewusteloos, wat by sulke tere, bekoorlike wesentjies regtig niks snaaks is nie!"

[14] **Giwar** sê: "O, as `n mens meer as vier dae in die graf gelê het om te vergaan en die lykreuk maar al te goed tot elke afgestompte neus deurdring - soos wat ons almal ondanks al die salfies maar al te grimmig ondervind het toe ons haar na die graf begelei het en haar die klaagliedere van die einde toegesing het, dan was daar van bewusteloosheid geen spoor meer aanwesig gewees nie! Maar JaHshua, die goeie Verlosser, kan wonderbaarlik dit doen wat slegs Elohim kan doen. Hy het haar slegs deur `n woord geroep, sonder enige hulpmiddel en oombliklik was sy weer in die aangename lewe terug, en tans is sy lewendiger en gesonder as wat sy ooit in haar hele lewe was - want sy is nog baie jonk en tel nouliks sestien lentes!"

[15] **Die owerste** vra: "Hoe lank is dit dan gelede dit sy uit die dood opgewek is?"

[16] **Giwar** sê: "Hoogstens ses of sewe dae! Heel presies sou ek die tyd nie kon aangee nie, maar dit is wel seker dat sy in die begin van die afgelope week uit die dood tot lewe gewek is "

[17] **Die owerste** sê, buite homself van verbasing: "Dit is werklik iets wat nog nooit op aarde beleef is nie. Dié aanvallige vroutjie met haar blymoedige onbedorwenheid van nou en tog het sy as lyk vier dae in die graf gelê!? Waarlik, dit is ongehoord, mits julle my wel die hele waarheid vertel het, waaraan ek nou nie meer wil twyfel nie, want hierdie plek skyn van louter wonders aanmekaar te hang!"

[18] **Giwar** sê: "Ja, dit is werklik so! Veral die genoemde Verlosser JaHshua trek alle moontlike aandag, want Sy prestasies oortref in hoë mate alles en almal wat ooit deur Moses oor die aartsvaders geskryf is en alles wat ons oor die groot profete weet! Want so iets was daar nog nooit gewees nie! Jy kan jou aan geen kwaadaardige siekte indink, wat Hy nie deur `n enkele woord kan genees nie, sonder om die sieke te sien of om aan hom te raak nie! As Hy iets anders wil, dan gebeur dit oombliklik!

[19] So is byvoorbeeld die afgetrede Jaïrus se ontslagbrief, wat vier dae gelede plaasgevind en op dieselfde oomblik aan die hoëpriester in die tempel te Jerusalem aangebied is, tog seker meer as `n wonder! Langs `n natuurlike weg sou hierdie oorkonde miskien op die vroegste nou eers in hande van die hoëpriester gekom het, maar nou kon jy al twee dae gelede in Kapernaum en vanoggend vroeg daarvandaan hier aankom - en daarby is beslis geen fout teen die reëls en die ou tradisie gemaak nie! Op wonderbaarlike wyse is jy nou amptelik opperpriester oor die hele Galiléa, en die ontslag van Jaïrus is volledig met al die nodige bylae en verklarings in die hande van die opperpriester in die tempel, en alles het op dieselfde oomblik gebeur! So is ons ook deur betroubare getuies vertel dat hierdie selfde JaHshua nou `n paar weke gelede `n baie swaar storm op see bestrawwend toegespreek het - en die see en die winde het oombliklik die woord van die Verlosser gehoorsaam! Van sulke ware gebeurtenisse en verhale sou ek jou nog baie kon vertel, maar dit is nie die geskikte oomblik daarvoor nie. `n Mens sou kon veronderstel dat hierdie Man `n huurling van die satan kan wees, was dit nie dat Sy woorde, lesse en milde, ernstige vermanings die teendeel leer nie!

[20] Ek sê jou eerlik, getrou en waaragtig: Sy dade is onbeskryflik wonderbaar, maar hulle verdwyn as bykomstighede in die niet by die wonderbaarlike mag van sy spreuke en lering! Jy hoor waarhede waarvan geen profeet nog ooit gedroom het nie! Hy laat jou die lewe van `n mens op so `n manier sien dat geen mens maar die geringste twyfel daaroor kan hê of sy siel sterflik of onsterflik is nie. Die onsterflikheid word vir jou op so `n tasbare manier voorgestel, dat jy geen oomblik daaraan kan twyfel dat daar na die liggaamlike dood `n ewige lewe van die siel is deur haar inwonende goddelike gees.

[21] Kortom, hierdie JaHshua is `n mens met sulke buitengewone vermoëns, dat `n mens na jou eer en gewete moet sê: So `n mens het die aarde sedert Adam nog nooit as bewoner gehad nie! Alle elemente gehoorsaam Hom; ontelbare geeste staan altyd gereed vir Sy diens, en so het ek ook van Sy leerlinge gehoor dat Hy op Sy reis van Sigar na Kana in Galiléa in die middel van die dag die son in `n oogwink verduister het, en hom daarna binne enkele oomblikke weer net so helder as voorheen laat skyn het!

[22] So vertel Roban ons en `n paar honderd getuies, wat ons ondervra het, dat Hy in Sigar twee ou vervalle huise, die ou huis van Josef en Benjamin en die ou kasteel van Esau, wat nou in besit is van die ryk koopman Jaïrus, in `n oogwink deur Sy woord gerestoureer het. Dit het Hy op so `n manier gedoen dat alle inwonende boumeesters baie openlik toegegee het dat hulle vir die restourasie van beide die ou huise, ondanks alle inspanning, tien volle jare nodig sou gehad het, as hulle so `n herbouing langs natuurlike weë moes voltooi! Bowendien het daar nie slegs die baie uitgebreide gebou, wat betref die boukundige materiale, in `n oogwink daar gestaan nie, maar was ook nog met alle moontlike behoeftes ingerig, en wel in so `n doelmatige en tewens baie skoon en verfynde styl, dat `n mens so iets vanaf die hand van boumeesters nêrens op hierdie aarde sou gevind het nie! *(word vervolg)*